higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG

NKR VLAK 3

(8021003)

3 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

218Q1S2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskillende opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter een van die volgende kan nie as rede aangebied word om toerekeningsvatbaarheid te vermy nie?

A Niepatologiese strafregtelike ontoerekeningsvatbaarheid
B Onmoontlikheid
C Onvolwasse ouderdom
D Geestesongesteldheid

1.2 Iemand wat 'n ander persoon help nadat daardie persoon 'n misdaad gepleeg het, word 'n ... genoem.

A sekondêre skuldige ('secondary')
B medepligtige
C pleger
D begunstiger

1.3 'n 'Joiner-in' is iemand wat ...

A 'n ander persoon help om 'n misdaad te pleeg alhoewel sy of haar optrede nie aan al die elemente in die definisie van die misdaad voldoen nie.
B nie in die gemeenskaplike opset van die aanvallers deel nie, maar by die aanval aansluit nadat die slagoffer dodelik gewond is en dien 'n wond toe wat nie die slagoffer se dood verhaas nie.
C die skuldige help nadat die misdaad gepleeg is om te voorkom dat die skuldige gevang word.
D 'n ander persoon kry om 'n misdaad namens hom of haar te pleeg.

1.4 Iemand wat 'n ander persoon help om 'n misdaad te pleeg, word 'n ... genoem.

A pleger
B begunstiger
C medepligtige
D assistent

1.5 Watter een van die volgende is nie 'n element van bestuur onder die invloed nie?

A Roekeloos
B Op 'n openbare pad
C 'n Voertuig
D Sit in die bestuurder se sitplek van 'n voertuig terwyl die enjin aangeskakel is

Kopiereg voorbehou

1.6 Watter een van die volgende kom neer op geldige toestemming vir penetrasie tydens die misdaad van verkragting?

A 'n Meisie met Down-sindroom stem in om seks met 'n man te hê.
B 'n Man wat effens dronk is, stem in om seks met 'n ander man te hê wat hy in 'n kroeg ontmoet het.
C 'n Tienjarige meisie stem in om seks met haar kêrel te hê.
D 'n Vrou wat doodbang is, protesteer nie hardop wanneer 'n man seks met haar het nie.

1.7 Watter een van die volgende kwalifiseer nie as 'bestuur 'n voertuig' in verband met verkeersoortredings nie?

A Sit in die bestuurder se sitplek van 'n voertuig terwyl die enjin aangeskakel is
B Stuur 'n voertuig wat bergaf rol sonder dat die enjin aangeskakel is
C Stuur 'n voertuig wat gestoot word deur die bestuurder se oop venster
D Stuur 'n voertuig wat gesleep word

1.8 Watter een van die volgende is nie 'n regverdige grond vir 'n wederregtelike daad nie?

A Noodweer
B Handel op bevel
C Oorsaaklikheid
D Spontane agentskap

1.9 Wederregtelikheid beteken ...

A dat die persoon 'n neiging het om regsvoorskrifte te verbreek.
B dat wat die persoon tydens die misdaad gedoen het onwettig/onregmatig was.
C dat wat die persoon gedoen het, die oorsaak van die misdaad was.
D dat die reg nie billik of regverdig is nie.

1.10 Wanneer minstens twee mense ooreenkom om 'n misdaad te pleeg, pleeg hulle ...

A meineed.
B regsverydeling.
C sameswering.
D aanstigting/aansporing.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Middellike aanspreeklikheid is nie op gemeenregtelike misdade van toepassing nie, maar slegs op statutêre misdade.

2.2 Iemand kan slegs 'n medepligtige wees as hy of sy gehandel het nadat die misdaad gepleeg is.

2.3 Die norme van die samelewing wat die opstel van wette beïnvloed, is gegrond op godsdiens, individuele moraliteit en die sedes van die gemeenskap.

2.4 Iemand wat wederregtelik en opsetlik sy of haar eie versekerde eiendom beskadig ten einde die eiendom se waarde van die versekeraar te eis, pleeg brandstigting.

2.5 'n Wet wat nuut geskep is, is terugwerkend van toepassing sodat 'n handeling wat op daardie tydstip wederregtelik was, nou regmatig is, omdat 'n nuwe wet uitgevaardig is.

2.6 Sameswering vind plaas wanneer een persoon iemand anders aanmoedig om 'n misdaad te pleeg.

2.7 Die legaliteitsbeginsel skryf voor dat 'n persoon slegs gestraf kan word indien 'n misdaad gepleeg is en daardie optrede reeds in 'n wet as misdaad beskryf is, voordat die misdaad gepleeg is.

2.8 'n 'Joiner-in' kan slegs skuldig bevind word aan poging om die misdaad te pleeg.

2.9 'n Poging tot misdaad is wanneer iemand al die voorbereidings getref het om 'n misdaad te pleeg, maar dan besluit om nie daarmee voort te gaan nie.

2.10 Wanneer iemand 'n vuurwapen aan 'n rower verskaf om hom in staat te stel om 'n roof te pleeg, alhoewel die verskaffer van die vuurwapen self nie teenwoordig is nie, is hy steeds 'n medepligtige.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (3.1-3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	'n Beskuldigde kan nie aan 'n misdaad skuldig bevind word nie, tensy die reg sy/haar handeling as 'n misdaad erken	A	pleger
		B	vrywillige onttrekking
3.2	Die beskuldigde tref al die voorbereidings om 'n misdaad te pleeg en begin om dit uit te voer, maar iemand stop hom of haar voordat die handeling voltooi kan word	C	beginsel van gemeenskaplike opset
		D	'n misdryf of 'n misdaad
3.3	Iemand wat nie die gemeenskaplike opset van die aanvallers deel nie, maar by die aanval betrokke raak nadat die slagoffer dodelik gewond is en 'n wond toedien wat nie die slagoffer se dood verhaas nie	E	'joiner-in'
		F	misdadiger
		G	beskuldigde
3.4	As twee of meer mense saam optree om 'n misdaad te pleeg, sal hulle in gelyke mate aanspreeklik gehou word	H	ius acceptum-legaliteitsreël
		I	voltooide poging
3.5	Die handeling waar geweld gebruik word om te verhoed dat jy, jou eiendom of iemand anders aangeval word	K	noodweer
		L	onderbroke poging
3.6	Tydens die pleeg van 'n misdaad besluit die oortreder om nie met die misdaad voort te gaan nie	M	middellike aanspreeklikheid
3.7	Iemand wat 'n misdaad gepleeg het en daaraan skuldig bevind is	N	medepligtige
		O	crimen iniuria
3.8	Iemand wat 'n ander persoon help om 'n misdaad te pleeg, maar nie op die toneel is wanneer die misdaad gepleeg word nie	P	strafbare manslag
3.9	'n Persoon word aan 'n misdaad wat deur iemand anders gepleeg is skuldig bevind		
3.10	Die beskuldigde tref al die voorbereidings om 'n misdaad te pleeg en begin om dit uit te voer, maar voltooi nie die misdaad nie		

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Ten opsigte van wederregtelikheid, kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	'n Wet is oortree omdat dit op daardie oomblik nie moontlik was om ooreenkomstig die regsvoorskrifte te handel nie	A	nietigheid ('paltriness')
4.2	'n Wet is oortree, maar die slagoffer het ingestem dat die dader kon doen wat hy gedoen het	B	spontane agentskap
4.3	Die reg van 'n ouer om redelike lyfstraf toe te pas op sy of haar kind(ers)	C	amptelike bevoegdheid
4.4	'n Wet is oortree omdat iemand anders in 'n gesagsposisie gehoorsaam is	D	handel op bevel
4.5	'n Wet is oortree om iemand anders se belange in hulle afwesigheid te beskerm	E	tugbevoegdheid
		F	toestemming
		G	onmoontlikheid
		H	noodsaaklikheid
		I	noodweer

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (5.1–5.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.1 Die onregmatige en opsetlike aan die brand steek van iemand anders se roerende eiendom word ... genoem.

5.2 ... is wanneer iemand die oortreder help nadat die misdaad gepleeg is om te voorkom dat die oortreder gevang word.

5.3 ... is die gedrag of optrede wat die strafregtelike gevolg of misdaad veroorsaak het.

5.4 Ten einde 'n persoon as die pleger van 'n misdaad te beskou, moet sy of haar handeling aan al die ... van die definisie van die misdaad voldoen.

5.5 Wanneer een persoon iemand anders aanmoedig om 'n misdaad te pleeg, is hy/sy skuldig aan ...

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

Beantwoord die volgende vrae oor aanstigting en sameswering:

6.1 Verduidelik die term *aanhitsing.* (2)

6.2 Noem DRIE vereistes om aanhitsing te bewys. (3)

6.3 Verduidelik die term *sameswering.* (2)

6.4 Noem TWEE vereistes om sameswering te bewys. (2)
[9]

VRAAG 7

7.1 Noem die DRIE omstandighede waaronder die hof sal aanvaar dat 'n beskuldigde met dwelms handel gedryf het en gee 'n voorbeeld van elkeen. (2 × 3) (6)

7.2 Watter TWEE handelinge wys op die misdryf van 'bestuur onder die invloed'? (2)

7.3 Kan die misdaad van brandstigting ten opsigte van roerende eiendom gepleeg word? (1)

7.4 Verduidelik die beginsel/dogma van gemeenskaplike opset. (3)

7.5 Noem DRIE moontlike redes vir die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika. (3)
[15]

VRAAG 8

Beantwoord die volgende vrae oor misdade teen die regspleging.

8.1 Onderskei tussen minagting van die hof *in facie curiae* en minagting van die hof *ex facie curiae* met voorbeelde. (7)

8.2 Onderskei tussen *regsverydeling* ('defeating the course of justice') en *dwarsboming van die gereg* ('obstructing the course of justice'). (2)
[9]

VRAAG 9

Bespreek die bronne van die Suid-Afrikaanse reg onder die volgende opskrifte:

- Wetgewing (4)
- Gemenereg (2)
- Regterlike presedent (1)

[7]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 10

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n artikel wat op 14 Maart 2019 deur Businesstech gepubliseer is:

Sanral gaan motoriste dagvaar wat nie e-tol betaal nie – hier is die rede waarom jy dit nie kan ignoreer nie

14 Maart 2019

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (Sanral) gaan voort met sy plan om verstekvonnisse te verkry teen motoriste wat nie e-tol betaal nie, volgens die burgerlikesamelewingsorganisasie, Outa.....

Personeellid

[Bron: https://businesstech.co.za/news/motoring/305158/sanral-is-going-after-motorists-who-dont-pay-their-e-tolls-heres-why-you-cant-ignore-them/, 14 March 2019]

10.1 Bespreek wat 'n versuim ('omission') is en waarom 'n regsplig 'n belangrike deel van 'n versuim is. (5)

10.2 Waarom is die optrede van die motoriste in bogenoemde artikel 'n voorbeeld van 'n versuim? (3)
[8]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11

Lees die volgende uittreksel uit 'n artikel wat op 14 Desember 2012 deur IOL gepubliseer is en beantwoord die vrae.



Foto: *Mxolisi Madela*

Kaapstad. Ellen Pakkies, 47, is van plan om skuldig te pleit op die moord van haar seun, Adam, 20, en wil hê dat haar verhoor so gou moontlik afgehandel word. Pakkies is op borgtog van R1 000 vrygelaat nadat sy haarself verlede jaar op 12 September aan die polisie oorhandig het, dieselfde dag waarop haar seun vermoor gevind is. Die gemeenskap het fondse ingesamel om haar borg te betaal en geen besware geopper dat sy haar verhoor tuis afwag nie.

Die moeder van Lavender Hill het haar seun, Adam, in 2007 vermoor. Hy was aan tik verslaaf en het haar mishandel.

Pakkies het Adam in sy slaap verwurg, nadat sy jare lank fisies en geestelik deur hom mishandel is.

Na haar verhoor het psigiaters getuig dat sy weens jarelange mishandeling aan dissosiatiewe steuring en posttraumatiese stressteuring gely het.

[Bron: *https://www.iol.co.za/news/ellen-pakkies*, 14 December 2012]

11.1 Definieer die misdaad *moord.* (4)

11.2 Sou noodweer 'n toepaslike regverdigingsgrond in hierdie saak gewees het? Staaf jou antwoord. (3)

11.3 Sou noodsaak ('necessity') 'n toepaslike regverdigingsgrond in hierdie saak gewees het? Staaf jou antwoord. (3)

11.4 Watter toestand het Ellen Pakkies se toerekeningsvatbaarheid in hierdie saak beïnvloed en op watter wyse? (2)

[12]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou